**Die heerlikheid van die vleesgeworde Woord**

**Joh 1:6-18**

**19 Januarie 2025**

1. Vantevore: Doel van die Johannes-evangelie; begin van die proloog: Jesus is die Woord, was in die begin al by God, was God, is die Skepper, is die bron van lewe en lig.
2. Die rol van Johannes die Doper (Joh 1:6-8. 15)
    a. In Johannes-evangelie word hy net Johannes genoem – Johannes noem nooit sy eie naam nie, dus is daar geen verwarring nie
    b. Johannes was 'n man deur God gestuur – soos baie OT profete
    c. Johannes was unieke: Hy kon na Jesus wys en sê: "Kyk die Lam van God" (v29)
    d. Johannes was nie die Lig, was Jesus se mindere (v8, 15)
3. Die effek van die koms van die Lig (Joh 1:9-13)
    a. Ware Lig (v9) – Jesus is dié Lig wat ewige lewe kan gee
    b. Was aan die kom na die wêreld (v9) – wêreld ≠ fisiese skepping, wêreld = sondegevalle mensdom in opstand teen Skepper (vgl Joh 1:10, 7:7, 14:17, 15:18)
    c. Elke mens verlig (v9) – elke mens ≠ elke mens sonder uitsondering, elke mens ≠ elke mens sonder onderskeid, elke mens verlig = elke mens word met lig gekonfronteer
    d. Een reaksie (v10-11): grootste deel van die mensdom erken nie die Lig nie, selfs nie die OT uitverkore volk van die Here nie
    e. Ander reaksie (v12-13): Maar sommiges erken die Lig – die wat Jesus aanvaar, Hom glo, regtens kinders van God word, wedergebore is deur die Gees ongeag afkoms
4. Die heerlikheid van die vleesgeworde Woord (Joh 1:14)
    a. Reguit en duidelik: Die Woord, wat God is, word vlees, dus mens!
    b. Jesus kom tabernakel – Jesus is nou God se woonplek onder mense, Hy is die verlossingspad van gelowiges
    c. Ons sien Jesus se heerlikheid
        - God se heerlikheid het die tabernakel / tempel gevul
        - Moses wou God se heerlikheid sien (Eks 33:18), die Here beloof om Sy goedheid, verbond, genade en ontferming te wys (Eks 33:19). Die Here wys Hy is barmhartig, genadig, geduldig, oorvloedig in liefde en waarheid, vergewe sonde, straf ook sonde = heerlikheid van God (Eks 34:6-7)
    d. Jesus is dié openbaring van die heerlikheid van God
5. Jesus is die openbaring van God (Joh 1:16-18)
    a. Al die gelowiges ontvang genade – uit Jesus se volheid van genade en waarheid (vgl v14)
    b. Gelowiges ontvang genade op genade
        - Genade op genade ≠ ophopende stapels genade (alhoewel dit waar is)
        - Genade op genade = genade i.p.v. genade
    c. Motivering (v17):
        - "Want" – hier volg motivering vir v16
        - "Wet deur Moses" staan nie teenoor "genade en waarheid deur Jesus Christus" nie
        - Sinaiverbond = genadeverbond, Nuwe verbond = genadeverbond
        - Nuwe verbond kom i.p.v. Sinaiverbond → genade i.p.v. genade
    d. Niemand het God nog gesien nie (vgl Eks 33:20) – ons sien die heerlikheid van God deur die Persoon en werk van die Here Jesus